View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Crossref



# DIE ROEPING EN IDENTITEIT VAN DIE EVANGELIEDIENAAR+

A.J. Smuts

Aanleiding tot die keuse van hierdie tema was 'n gesprek met 'n jong predikant wat slegs enkele maande tevore sy militêre diensplig voltooi het. Hy het een en ander te vertel gehad omtrent sy ervaringe gedurende hierdie tyd. Dit is natuurlik moontlik om as dienspligkapelaan diens te doen sonder om werklik na aan die manskappe vir wie jy verantwoordelik is, te kom. Hy het egter moeite gedoen om werklik met hulle mee te leef. Dit was egter 'n ontmoedigende ondervinding. Hy het vertel hoe ontnugter en teleurgesteld hy by meer as een geleentheid was oor die leefwyse en uitkyk van die jongmanne met wie hy te doen gehad het. 'n Groot aantal van hulle was belydende lidmate van die kerk, maar uit hul taal en optrede sou mens dit moeilik kon aflei. Dit het hom uiteindelik in 'n soort identiteitskrisis gebring, waar hy vir homself opnuut moes rekenskap gee van sy roeping en taak as predikant en veral van sy eie geroepenheid tot die bediening. Uit hierdie ervaring het hy egter 'n sterker en ryper mens gekom.

Dit is egter nie met almal die geval nie. Hy het ook verwys na enkele van sy kollegas, wat saam met hom aan die teologiese fakulteit afstudeer het en daarna saam met hom hul diensplig verrig het as dienspligkapelane. Na afloop daarvan, en skynbaar as gevolg daarvan, het hulle egter die gedagte aan die gemeentelike bediening laat vaar en betrokke geraak by ander studierigtings en beroepe. Dit plaas 'n mens onmiddellik voor ernstige vrae. Hulle was persone wat 'n lang studie, met opofferinge en harde werk daaraan verbonde, afgehandel het. By meer as een geleentheid gedurende daardie studiejare is hulle gekonfronteer met die feit dat 'n evangeliedienaar 'n geroepe mens is en het hulle ook verklaar dat hulle oortuig is dat hulle deur die Here tot die bediening geroep is. Aan die einde van hulle studie het hulle saam met ander die legitimasie-eed afgelê, waarin hulle beloof het om hulle met alle ywer toe te lê op die uitbreiding van die Ryk van die Verlosser. Dan kom die vraag onwillekeurig by 'n mens op: Waar het dinge dan verkeerd geloop, dat hulle afgedraai het van die pad wat hulle ingeslaan het?

Hierdie vraag is des te meer knellend as daaraan gedink word dat dit hier

---

+ Rede gelewer by afsluiting van die akademiese jaar 1982, ietwat omgewerk.

gaan om 'n wêreldwye verskynsel, wat veral in die Christelike kerk in die Westerse lande steeds groter afmetings aanneem. Evangeliedienaars verlaat in toenemende getal die bediening en vir hierdie besluit gee hulle verskillende redes aan. Dit lei tot die verdere vraag: wat beteken dit om deur God geroep te wees tot die bediening en watter invloed behoort van so 'n roeping uit te gaan op die siening wat so 'n persoon van homself en van sy taak in die lewe het? Hierdie vraag raak nie slegs diegene wat as gevolg van ontmoedigende omstandighede vind dat hul vroeër oortuiginge begin wankel nie, maar is van wesensbelang vir elke evangeliedienaar, elke teologiese student en trouens ook vir elke teologiese dosent.

In die digbundel "Die skitterende wond" van Sheila Cussons vind ons die volgende gedig omtrent 'n teologiese student, wat 'n minder vleiende voorstelling van so 'n wese gee:[1)]

DIE WITBROODJIE

Ouma was al klein, 'n rosyn
toe sy nog teen 'n skuldige verwardheid in
van Jakob haar peetkind graag vertel het:
geroep deur die Here tot die bediening:
kweekskool sakgeld konfyt beskuit wolsokke:
Mammie, kan julle maar weer 'n paar pond stuur
onthou maar dis vir die Here -
dan praat en bereken en afknyp en minder vleis
want die kind, my man, het dit tog seker nodig.
En altyd teen die skerpsinnige agterdog in
het sy haar gedwing om te sien hoe die skyn
in skynheiligheid skyn.

Lynreg in teenstelling hiermee staan die gespierde taal van die taai ou stryder, die apostel Paulus, aan sy jong kollega Timoteus:

> "Skaam jou dan nie oor die getuienis van onse Here of oor my, sy gevangene nie, maar ly saam verdrukkinge vir die evangelie na die krag van God wat ons gered en geroep het met 'n heilige roeping". (2 Tim. 1:8,9).

Dan praat hy oor die evangelie waarvoor hy aangestel is as prediker en apostel en leraar van die heidene en lê:

> "Om hierdie rede ly ek ook hierdie dinge; maar ek skaam my nie, want ek weet in wie ek geglo het, en ek is oortuig dat Hy mag het om my pand te bewaar tot dié dag toe". (2 Tim. 1:12).

In moderne taal sou dus gesê kan word dat hier 'n evangeliedienaar is met 'n identiteit wat so vas staan dat dit selfs deur die moeilikste omstandighede - gevangenskap, verdrukking en lyding - nie geskud kan word nie. Dit is gebou op die rotsvaste sekerheid van sy roeping.

Identiteit - Wat is dit?

Oor die identiteit van die predikant en die probleme wat hy daarmee ondervind, is die afgelope jare heelwat geskryf. Daar het selfs 'n proefskrif verskyn met die titel "De pastor en zijn identiteit in het geding".[2] Zijlstra verwys selfs daarna as 'n modewoord - almal is besig met hul identiteit.[3] Riess kyk egter dieper. Hy wys op die samehang tussen individuele identiteitsproblematiek en die struktuurproblematiek van die samelewing en kerk in ons dag. Op die terrein van verhoudinge, sê hy, bestaan daar 'n wêreldwye lugleegte. "Der weltweite Orientierungsnotstand und das wachsende Ohnmachtserleben gehen auch in die individuelle Identitätsproblematik des heutigen Seelsorgers ein", meen hy dan.[4]

Die term "identiteit", in sy gelade betekenis, is onlosmaaklik verbonde aan die naam van die bekende sielkundige Erik H. Erikson. In sy eie lewe het hy waarskynlik iets daarvan ondervind. Soos sy naam aantoon, was hy oorspronklik van Deense afkoms. Hy het egter in Duitsland opgegroei en het later in Wene (Oostenryk) gestudeer. Nog later het hy na die VSA geëmigreer, waar hy mettertyd deur sy talle geskrifte groot bekendheid verwerf het en tot vandag toe groot invloed uitoefen. Die begrip "identiteit" staan so sentraal in sy gedagtes dat gesê kan word dat dit feitlik die tema van sy lewenswerk geword het.

In een van sy boeke[5] vertel hy van die omstandighede waaronder hy hierdie term die eerste maal gebruik het. Hy was gedurende die tweede wêreldoorlog as psigiater werksaam in 'n rehabilitasiesentrum vir oudsoldate. Hy en sy medewerkers het tot die oortuiging geraak dat meeste van die pasiënte, wat as ontwrigte mense daar opgeneem is, nie aan bomskok of iets dergliks gely het nie. Hulle het ook nie bloot voorgegee dat hulle siek

is nie. As gevolg van die swaar eise wat die oorlog aan hulle gestel het, het hulle die gevoel dat hulle nog dieselfde persone as vroeër was, m.a.w. hul gevoel van historiese kontinuïteit, verloor. Hulle was dus aangetas in die sentrale vermoë van beheersing van hulself, waarvoor slegs die "innerlike instansie" van die ego verantwoordelik gestel kan word. Daarom het hy gepraat van 'n verlies van "ego-identiteit".

Dit is duidelik dat hierdie term "identiteit" in sy oorspronklike betekenis nie sonder meer gebruik kan word vir die probleme waarmee 'n predikant in sy beoefening van sy ampswerk te doen kry nie. Sedertdien is die begrip egter ook in wyer en meer genuanseerde betekenis gebruik, sodat tans ten minste vyf aspekte van identiteit onderskei kan word.

Die aspek van identiteit waarmee Erikson c.s. destyds te doen gekry het, kan beskryf word as "persoonlike identiteit". Dit het te doen met die sentrale vraag: "Wie is ek?" en die antwoord wat die mens vir homself daarop formuleer. In sy latere werke het Erikson breedvoerig aangetoon hoe belangrik hierdie saak in die menslike ontwikkeling is. In die proses van volwassewording vorm dit die sentrale problematiek van die jongmens tydens sy adolessensie. Kom hy nie tot 'n bevredigende antwoord op hierdie vraag nie, is die kans groot dat hy in 'n toestand van identiteitsverwarring sal beland.

Naas die persoonlike identiteit, het elke mens ook 'n sosiale identiteit, waaronder o.a. sy beroeps- of professionele identiteit gereken kan word. Daarby gaan dit veral om die sentrale vraag: "Wat is ek?" Om hierdie vraag bevredigend te kan beantwoord, is dit nodig om te kom tot 'n integrasie van 'n groot aantal uiteenlopende aspekte van die sosiale rol wat die betrokke persoon in die samelewing moet vervul. Wie nie daarin kan slaag nie, vind dat hy in allerlei rolkonflikte beland, terwyl hy probeer om rolverwagtinge wat moeilik met mekaar versoenbaar is, met mekaar in verband te bring. Tereg wys Firet daarop dat 'n sosiale rol, soos die van "die pastor" 'n sentrale dominant moet hê, 'n ordenende beginsel, wat die veelheid van rolaspekte tot 'n eenheid saambind. In die verlede was hierdie sentrale dominant in die geval van die evangeliedienaar die amp waarin hy gestaan het.[6] Die amp - ook soos versinnebeeld in 'n kenmerkende ampsdrag waaraan die ampsdraer onderskei kon word - het die ampsdraer gedra. Waar dit vandag meer en meer verwag word dat die ampsdraer die amp moet dra en dit moet waar-maak in die wêreld, kom meer as een ampsdraer in 'n identiteitskrisis op hierdie terrein.

Een van die belangrike oogmerke van die teologiese opleiding moet dus wees om die professionele identiteitsvorming te stimuleer. Tydens die jare van sy voorbereiding en vorming moet die jong evangeliedienaar tot so 'n mate geprofessionaliseer word (in die goeie sin van die woord) dat hy aan die einde van sy studies die probleme wat sy beroep meebring tegemoet kan gaan met die heldere oortuiging: "ek is 'n predikant". By diegene wat na afloop van hul studies 'n ander weg gaan, kan vermoed word dat hulle juis op hierdie vlak probleme ondervind - hulle voel hul ontuis en ongelukkig in die rol van evangeliedienaar wat hulle moet vervul.

Identiteit het egter nog meer kante.[7)] Naas genoemde kan ook gepraat word van 'n persoon se historie-bepaalde identiteit. Daarin gaan dit om die vraag: "Waarvandaan kom ek?" Wanneer die apostel Paulus werk aan die versterking van die identiteit van Timoteus, herinner hy hom aan sy agtergrond en persoonlike geskiedenis: in sy verlede was daar 'n familiegeskiedenis van 'n moeder en grootmoeder wat die Here geken en liefgehad het en in sy eie lewe was daar die oplegging van die hande deur die apostel self. (2 Tim. 1:5,6). 'n Mens se identiteit staan nooit los van sy persoonlike geskiedenis nie.

Verder is daar ook die aspek van identiteit wat te doen het met die trekkrag van 'n toekoms-ideaal, waarin dit veral gaan om die vraag: "Waarheen is ek op weg?" (Die toekoms-gerigte identiteit). Dit alles is van betekenis vir die vorming van die identiteit van die teologiese student as toekomstige evangeliedienaar. Die student wat sy opwagting by die teologiese fakulteit maak, kom nie daar aan as 'n blanko bladsy wat volgeskrywe moet word nie. Op daardie stadium het hy reeds 'n persoonlike geskiedenis van twintig of meer jare, agter die rug, wat 'n onuitwisbare stempel op hom afgedruk het. Hy bring met hom bepaalde ideale en beroepsbeelde saam, wat hom in 'n sekere rigting trek. Sy verlede en sy toekomsvisie het dus 'n invloed op die vorming van sy identiteit as evangeliedienaar.

Saam met genoemde vier aspekte van identiteit is daar egter nog 'n vyfde wat van besondere betekenis vir die teologiese student en evangeliedienaar is, nl. sy teologiese identiteit. Die kernvraag waarom dit daarin gaan, is: "aan wie behoort ek?" Oor hierdie aspek het D.D. Williams mooi dinge geskryf.[8)] In die persoon van die apostel Paulus kan ons die draagkrag van 'n sterk teologiese identiteit duidelik sien. In al sy arbeid en

lyding het hy geleef uit die sekerheid dat hy gered is en geroep is met 'n heilige roeping. Hy het geweet dat hy aangestel is as prediker en apostel en leraar van die heidene. Daarom kon hy met soveel oortuiging verklaar: "Ek weet in wie ek geglo het en ek is oortuig dat Hy mag het om my pand te bewaar tot dié dag toe". (1 Tim. 1:12). M.a.w.: Ek weet aan wie ek ten diepste behoort.

Die ontstaan van 'n Identiteitskrisis

Dit is seker nie moontlik om 'n enkelvoudige antwoord te gee op die vraag hoe 'n identiteitskrisis by 'n evangeliedienaar ontstaan nie. Verskillende faktore kan daarby 'n deurslaggewende rol speel. Die krisis kan m.a.w. sy sentrale punt op meer as een terrein hê.

By sommige mag fisiese faktore dit presipiteer: 'n worsteling met swak gesondheid, wat dit moeilik maak om aan die eise wat die bediening stel, te voldoen, ooreising met gevolglike oorvermoeidheid, moontlik 'n onverstandige lewenspatroon, met te min rus en te weinig slaap. Dit kan 'n persoon by 'n laagtepunt bring, soos die geval met Elia was toe hy ineengestort het onder die besembos in die woestyn - 'n mens wat sy liggaamskragte uitgeput het.

In ander gevalle mag sielkundige probleme of persoonlikheidsfaktore 'n deurslaggewende rol speel. Die betrokke persoon mag miskien skugter van geaardheid wees en dit 'n marteling vind om in die openbare lewe op te tree en voortdurend voor die oog van mense te moet wees. Interpersoonlike verhoudingsprobleme, waaronder huislike en huweliksprobleme gereken moet word, kan ook 'n rol speel. Wanneer 'n evangeliedienaar met sulke probleme te kampe het en nie daarin kan slaag om hulle op 'n bevredigende wyse op te los nie, kan dit hom in 'n identiteitskrisis dompel. Hy mag die gevoel kry dat van hom verwag word om aan ander leiding te gee, terwyl hy nie sy eie en sy huislike probleme kan hanteer nie. Identiteitsproblematiek van hierdie aard is gewoonlik baie persoonlik van aard en lê hoofsaaklik op die vlak van die persoonlike identiteit van die persoon, hoewel die persoonlike en beroepsidentiteit van die predikant so met mekaar vervleg is dat dit nie werklik moontlik is om 'n waterdigte skeiding te maak nie.

Op die gebied van die beroeps- of professionele identiteit van die evangeliedienaar bemerk ons dat daar in ons dag ook meer probleme ontstaan as wat skynbaar vroeër die geval was. Baie daarvan is die gevolg van veranderinge in die strukture van die samelewing en die gesagsverval wat daarmee

gepaard gaan. Gevolglik ondervind die predikant dat sy amp hom nie meer vanselfsprekend 'n identiteit en status gee nie maar dat hy daardie identiteit self moet verdien. In sommige situasies is dit in verskerpte mate die geval. Waar die predikant in baie tradisionele gemeentes nog die respek van die samelewing geniet uit hoofde van die amp wat hy beklee, ondervind die dienspligkapelaan dikwels net die teenoorgestelde: hy moet die evangelie nie net verkondig nie, hy moet dit in lewende lywe sigbaar maak op maniere wat van betekenis is vir diegene onder wie hy werk, anders word hy eenvoudig nie aanvaar nie. Dit is verstaanbaar dat meer as een jongman onder sulke omstandighede dit beleef dat hy gestroop is van sy ampswaardigheid en dat hy niks anders het om op terug te val nie, met die gevolg dat 'n identiteitskrisis by hom ontwikkel.

Hiermee het ons egter nog nie by die diepste wortel van die probleem gekom nie. Die belangrikste oorsaak vir die ontstaan van 'n identiteitskrisis by 'n evangeliedienaar is geleë op die vlak van die geestelike lewe. Dit kan die resultaat wees van verwaarlosing van sy eie verhouding met die Here: terwyl hy besig is om ander uit die Woord te leer, verskraal sy eie omgang met die Bybel en met die Here in die gebed. Dit kan 'n gevolg wees van ander belange ('n stokperdjie of 'n newe-beroep) wat 'n beherende aandeel in sy lewe begin kry. Dit kan die resultaat wees van een of ander sonde wat 'n houvas gekry het. Dit kan ook die gevolg wees van 'n gebrek aan teologiese studie, sodat die reserwes waarmee hy sy teologiese opleiding afgesluit het, spoedig uitgeput raak. Wat ookal die aanleidende oorsake mag wees - die resultaat is dieselfde. Daar word afgestuur op geestelike bankrotskap en 'n identiteitskrisis, waardeur sy bediening verongeluk kan word.

Veral in die Amerikaanse literatuur word die afgelope aantal jare heelwat aandag gegee aan wat genoem word "minister burn-out". Dit is dieselfde saak waaroor dit hier gaan en dit wil voorkom asof dit 'n probleem is wat bestudering regverdig.

Die voorkoming en oorkoming van so 'n Identiteitskrisis

Voorkoming is beter as pogings tot genesing. Dit geld ook hierdie saak. Daarom moet aan die roeping en identiteitsvorming van die toekomstige evangeliedienaar aandag geskenk word reeds tydens sy voorbereiding vir die bediening. Dit is heeltemal moontlik om 'n teologiese kursus op universiteit met vlieënde vaandels te voltooi, om al die werk te memoriseer en die eksamens met goeie gevolg af te lê sonder om self daaragter te staan. Dit

is egter nie moontlik om daarna die werk van 'n predikant te doen en dit van harte te doen, sonder om met jou hele wese daarby betrokke te wees nie.

Naas die arbeid op die gebied van die teologiese studie, moet daar dus ook genoeg tyd en aandag gegee word aan die versorging en opbou van die persoonlike geestelike lewe. In die besonder geld dit die saak van roeping. Van elke teologiese student word aan die begin en einde van sy studie rekenskap gevra van die motivering van sy beroepskeuse. Daar word van hom verwag dat hy sal kan getuig dat hy deur God self geroep is tot die bediening. So 'n roeping is iets kosbaars - dit is 'n groot genade en 'n buitengewone voorreg en daarom moet versigtig daarmee omgegaan word. Dit is nodig om daaruit te leef en daarin te groei. Dit mag nooit so 'n vanselfsprekende saak word dat dit op die agtergrond geskuif word nie. In meer beperkte sin as wat Petrus dit waarskynlik bedoel het, geld sy woord vir die teologiese student en evangeliedienaar: "Daarom broeders, moet julle jul des te meer beywer om julle roeping en verkiesing vas te maak, want as julle dit doen, sal julle nooit struikel nie". (2 Pet. 1:10).

Die bou van 'n sterk en duidelike identiteit as evangeliedienaar is egter ook 'n belangrike deel van die teologiese vorming. Daarom behoort in die teologiese kursus geleentheid geskep te word vir identiteitsvorming, sodat die student geleidelik kan ingroei in die beroep waarvoor hy besig is om hom voor te berei. Vanuit die bediening word voortdurend stemme gehoor wat daarop aandring dat die teologiese opleiding so moet wees dat dit die lyne deurtrek na die praktyk. Wanneer die student reeds tydens sy studiejare kennis maak met die werklikhede van die bediening, maar veral wanneer die geleentheid geskep word om daaroor met sy dosente in gesprek te tree, en teologies saam daaroor te besin, word identiteitsvorming gestimuleer.

Omdat identiteitsprobleme gewoonlik eers in die bediening ontstaan, is dit ook nodig om te vra wat gedoen kan word om dit dáár te voorkom. Een van die antwoorde hierop is dat gewerk moet word aan die voortgaande professionele toerusting van die predikant. Omdat dit egter 'n onderwerp op sy eie is, word dit by hierdie opmerking gelaat.

Die tema van die identiteit van die predikant tref ons aan in 'n gedig van die predikant-digter, I L de Villiers. In sy bundel "Leitourgos" vind ons 'n gedig met die titel "Chanson"[9] waarvan 'n deel soos volg lui:

Dit kon so anders wees met my
in U intrige.
Soveel droombeelde fluister iets
Diep in my psige:

Ek is die slegte vrou,
die charlatan,
die makelaar,
gesplete klou,
maar God se man.

Dit kon so anders wees met my
in hierdie helder spel.
En net U weet dié dinge lê
skaars dieper as my vel:

Ek is die goeie ou,
die Ku-klux-klan,
die bedelaar,
die een wat rou,
maar God se man.

Te midde van die gebrokenheid van hierdie wêreld vol stukkende mense, gekonfronteer met die boosheid van die wêreld en die werklikheid van die sonde in al sy veelvuldige verskyningsvorms, terselfdertyd bewus van die feit dat daardie dinge nie net daarbuite is nie, maar ook in sy eie hart, staan die evangeliedienaar as geroepene en dienskneg van die Here. Hy is God se man!

Verwysings

1. S. CUSSONS, Die skitterende wond, Tafelberg, Kaapstad 1979, 6.

2. T. KRUIJNE, De pastor en zijn identiteit in het geding, 1977.

3. W. ZIJLSTRA, "Identiteitscrisis, een nood en een uitdaging", Tijdschrift voor pastorale psychologie. Jrg. 5 (1, 1973) 1.

4. R. RIESS, Seelsorge, Vandenhoeck & Ruprecht, Göttingen 1973, 79.

5. E. ERIKSON, Identity, youth and crisis, aangehaal deur J. Firet, "De pastor als theoloog en 'homo religiosus'", Ministerium, Jrg. 7 (1, 1973) 9.

6. J. FIRET, a. art., 9.

7. VGL. R. RIESS, a.w., 97.

8. D.D. WILLIAMS, "A theological view of identity", in The new shape of pastoral theology, (Essays in honor of Seward Hiltner, edited by W.B. Oglesby), Abingdon, Nashville 1969, 74v.

9. I.L. DE VILLIERS, Leitourgos, Tafelberg, Kaapstad 1972, 65.